


REDAKTEUR: A. M. VAN SCHOOR — ASSISTENT-REDAKTEUR: S. IGN. MOCKE

## Ons Musiek

DEUR die samestelling van die Afrikaanse Volksangbundel enige jare gelede het die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings met besondere sukses daarin geslaag om te voorsien in 'n diepgevoelde behoefte op die gebied van Afrikaanse musiek en sang. Onder die besef dat hiermee nog nie alles gedoen is nie en dat nog groot leemtes op musiekgebied bestaan, sowel in die verkryging van goeie Afrikaanse komposisies as in die skynbare gebrek aan belangstelling aan die kant van Afrikaanse musiekliefhebbers, het die F.A.K.-bestuur derhalwe 'n Musiekkommissie benoem, bestaande uit mnr. Stephen H. Eyssen, mej. Rosa Nepgen, dr. Hugo Gutsche en mnr. P. J. Lemmer, met die versoek om sorg te dra vir die verkryging van manuskripte, keuring van komposisies en die uitgee daarvan op so 'n wyse dat dit binne die koopvermoë van elkeen sal val. Spesiale aandag moet aan die lied gegee word. 'n Musiekfonds wat deur die F.A.K. vir dié doel opgebou is, word tot beskikking van die kommissie gestel.

## Talent Verlore

IN die laaie van ons komponiste lê skatte opgegaar, eenvoudig omdat hulle dit nie kan bekostig om dit te publiseer nie, en omdat uitgewers, vanweë 'n swak afset, nie geneë is om die risiko van publikasie te dra nie. Komposisies wat ons kuns sal verryk, bly onbekend; groot talente bly onontdek omdat hul skeppinge geen uitgewer kan vind nie.


Op die eerste vergadering van die kommissie is daarop gewys dat in die F.A.K.-sangbundel die volgende afdelings nog òf swak òf glad nie verteenwoordig is nie: Stap- en toerliedere, ballades, skertsliedere, heldeliedere, feesliedere, bruilofsliedere, oes- en werksliedere. Ook ondervind sangkunstenaars en organiseerders van kunswedstryde en musiekkonserte 'n groot behoefte aan één- sowel as tweestemmige liedere vir spesiale stemme. Die kommissie stel hom ten doel om veral sorg te dra om te voorsien in die behoefte aan kunsliedere vir hoë (sopraan-tenoor), middel (alt-bariton), en diep (basalt), stemme, sowel as aan tweestemmige liedere. Terselfdertyd sal die kommissie aandag skenk aan die samestelling van Afrikaanse handboekies vir musiekleerlinge, veral beginners.

## Uitgewers

WAT die publikasie betref, sal die komitee ooreenkomste met uitgewers aangaan en hom beywer vir sal sorg dra vir die bekendstelling hiervan, en vir die nodige reklame om 'n behoorlike afsetgebied te verseker.

'n Beroep word gedoen op ons goedkoop uitgawes, soos die Nederlandse en Vlaamse volksuitgawes, sodat elke liefhebber en belangstellende dit kan bekostig. Die F.A.K. komponiste om hul komposisies wat in bogenoemde behoeftes kan voorsien, sowel as ander voortreflike stukke vir uitvoering op die klavier, viool, ens., aan die Kommissie te stuur.

Vertalings van liedere sal nie in aanmerking kom nie, maar alleen oorspronklike Afrikaanse tekste van 'n goeie gehalte. Die Kommissie sal die nodige reëlings en voorwaardes vir publikasie tref, met die komponiste van stukke wat van tyd tot tyd geskik geag word vir publikasie. Insendings moet direk aan die Algemene Sekretaris, F.A.K., posbus 8711, Johannesburg, of aan dr. Hugo Gutsche, posbus 95, Heidelberg, Tvl., gestuur word.



*Carol in ballingskap: Die oud-koning van Roemenië en sy gesellin, madame Loepeskoe, ry in 'n koets in Bermuda, waarheen hulle uit Europa gevlug het.*



*Russiese troepe van die verbindingsafdelings ry op hul fietse in die Rooi-plein van Moskou. Langs hulle draf hul honde wat hulle gebruik om boodskappe aan die front oor te dra.*

### VERTWYFELING

*O, donker berge in die nag,*
*O, donker poort waardeur die awendster*
*sag flik'krend wink van ver,*
*moet ek by stil aanskouing huil of lag?*
*Want ek moet voor die Donkerpoort—*
*met hoë berge aan die kante om—*
*ook eenmaal staan en stom,*
*eerbiedig, smekend, wagtend vir Sy Woord!*

*TOLLIE VAN DER MERWE.*
*Heidelberg, Tvl.*

## Kultuurkring

IN 'n wêreld wat in 'n chaos omskep is deur verontrustende berigte, gerugte en metaal-klinkende propagandaveldtogte, is die kuns besig om 'n wurgdood te sterf. Materialisme behaal al hoe meer sukses. Wat mooi en goed, verhewe en edel, rein en skoon is, is besig om begrawe te word in 'n oppervlakkige lewensrumoer.

Tog is daar jongmense wat nieteenstaande die knelgreep van materialisme nog 'n lewendige belangstelling toon in kuns in sy geheel of die een of ander onderdeel daarvan.

Met die doel om kontak te bring tussen hierdie enkele individue wie se gedagtes en belangstelling in dieselfde rigting uittas wat kuns betref, is 'n Kuns- en Kultuurkring so pas in Johannesburg in die lewe geroep. Hierdie samebringing van persone wat werklik belangstel in kuns, sal nie die kleur van 'n organisasie of vereniging hê nie. Daar sal gepoog word om 'n intieme, huislike atmosfeer in die Kring te skep. Deur middel van 'n klein, biblioteekskema, deur middel van lesings en algemene kunspraatjies sal getrag word om elke lid van die kring kunsbewus te maak, om elke lid se kunskennis uit te brei sodat dit ook sal dien om sy of haar talente te help ontwikkel.

---

'n Jong rekruut word onder-korporaal en skryf as volg aan sy moeder: „Het my eerste promosie gekry, maar moet nie na 'n duurder huis toe trek nie, en praat met die bure soos gewoonlik."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012